higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

KUNSGESKIEDENIS N5

17 November 2023

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 10 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

Sien slegs TWEE vrae in hierdie afdeling na.

VRAAG 1

1.1 1.1.1
- Gebalanseerde, sensuele maar speelse houding lê die wese van die vroulike figuur vas
- Lê die vroulike gees vas deur ’n draaiposisie te gebruik, wat beweging aandui
- Oop komposisie lei die oog na bo, wat hoop simboliseer
- Tekstuur en ruimtes wat deur die staal geskep word, laat die figuur interaksie met haar omgewing hê – eenheid met die natuur (4)

1.1.2
- Die kunstenaar toon waardering en bewondering vir vroue.
- Die kunstenaar toon die sterkte van ’n vrou en vroulikheid. (2)

1.1.3
- Deur die beeldhouwerk buite te plaas, wys die kunstenaar dat ’n vrou een met die omgewing is.
- Grootte en skaal beklemtoon die krag van die vrou. (2)

1.1.4 Student se antwoord (2)

1.2 1.2.1 ILLUSTRASIE B – kleur is monochromaties, gebruik blougrys skakerings
- Koue kleure gee ’n gevoel van ’n koue wintersdag en depressiewe gemoedstemming
- Koue industriële staal van die brug boots industriële tydvak na
- Lyne is sterk en geometries, en versterk die argitektuurlyne van die brug
- Vertikale lyn in die middel verdeel die komposisie in twee, elke helfte bevat ’n boog
- Figure aan linkerkant en brug met negatiewe verhoogde gedeelte regs

ILLUSTRASIE C – gebruik van lyne word meer benadruk – nie so tegnies en akkuraat soos ILLUSTRASIE B nie
- Diagonaal van brug en geboue gee die werk ’n dinamiese element
- Organiese lyne en vorms van stoomwolke gee ’n gevoel van beweging en aksie vergeleke met ILLUSTRASIE B, polichromaties
- Het meer skakerings, wat die stad weerspieël
- Kombinasie van warm en koel kleure dra by tot lewendigheid (10)

1.2.2 ILLUSTRASIE B – baie tegniese vertolking van die brug wat besonderhede wys✓
Gladde en plat gebruik van verf met noukeurig gemodelleerde areas✓
(4)

ILLUSTRASIE C – meer beweging en natuurlik✓
Deursigtige stoom gee 'n gevoel van lig en beweging✓
Impasto-toepassing van verf/geen detail/fokus op die vasvang van lig en kleur/veënde kwashale✓

1.2.3 ILLUSTRASIE B – meer gedetailleerd✓
Beeld figure en klere akkuraat uit (wys klas/status)✓

ILLUSTRASIE C – baie beweging, geen detail✓
Aandag word nie gevestig op die figure nie✓ (4)

1.2.4 Student se antwoord (2)

1.3 1.3.1 Geïdealiseer✓ – student se antwoord (byvoorbeeld godsdienstige kunswerk)✓ (2)

1.3.2 Gestileer✓ – student se antwoord (byvoorbeeld vereenvoudiging van lyne, gestalte en vorm)✓ (2)

1.3.3 ILLUSTRASIE D – kleur word naturalisties gebruik✓
Toonkwaliteit (sfumato) gee gevoel van gestalte✓

ILLUSTRASIE E – monochroom gee die werk 'n dramatiese voorkoms✓
Eenvoudige lyne en plat swart en wit kontras lei die fokus na die verbinding tussen moeder en kind✓ (4)

1.3.4 ILLUSTRASIE D – tegniek gee 'n sagte gevoel van moederlike liefde✓

ILLUSTRASIE E – gesnede, eenvoudige lyne raak ontslae van afleidings en fokus op die basiese emosie van liefde tussen moeder en kind✓ (2)
[40]

EN/OF

VRAAG 2

Sien slegs VRAAG 2.1 OF VRAAG 2.2 na.

2.1 PREHISTORIESE KUNS

2.1.1
(a) Polichromie
(b) Polisemie
(c) Sjamaan
(d) Patina
(e) Entopiese beeld
(f) Inkerwing
(g) Kaggen
(h) Nomade
(i) Petroglief
(j) Eland

(10 × 1) (10)

2.1.2
- Hulle het geglo in ’n reënbul wat reën kan gee vir ’n area wat dit nodig het.
- Meisies wat as gevolg van weerlig gesterf het, het in sterre verander.
- Sterfte deur water het veroorsaak dat ’n mens in water, blomme of wolke verander.
- Ná sterfte kon ’n man in ’n gevleuelde gedierte verander. (4)

2.1.3 Die volgende is vir verf gebruik:
- Limoniet/Geeloker vir geel
- Hematiet/Ysteroksied/Rooi-oker vir rooi
- Silika/Gips/Kaolien vir wit
- Steenkool vir swart
- Plantsappe vir bindmiddel

Vir borsels:
- Riet/Ystervarkpenne/Pels, ensovoorts (Enige 6 × 1) (6)

2.1.4
- Pik – hamer klip, verwyder patina (donker buitenste laag), ontbloot die ligter binneste kliplaag
- Inkerf – sny met ’n ander skerp klip deur patina – kan diep of vlak inkerf
- Krap – krap die patina (boonste laag van klip) weg om groot, plat, ligter areas te ontbloot (3 × 2) (6)

2.1.5
- Wildsbokke
- Kameelperde
- Slange
- Voëls
- Jakkalse
- Renosters, ensovoorts (Enige 4 × 1) (4)

2.1.6 Student se keuse (10)
[40]

EN/OF

2.2 **VROEË TRADISIONELE SUID-AFRIKAANSE KUNS**

Student se keuse (2 × 20) **[40]**

EN/OF

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Godsdienstige teks van Islam wat die Moslems geglo het die woord van Allah is

3.1.2 ’n Herhalende, gestileerde patroon gebaseer op ’n geometriese blom- of plantontwerp

3.1.3 Geloof in ’n enkele god

3.1.4 Ringnis in die muur van ’n moskee

3.1.5 Vroegste vorm van Arabiese kalligrafie

3.1.6 ’n Illustrasie in ’n antieke verligte manuskrip

3.1.7 Plig of wet wat ’n mens se lewe regeer

3.1.8 ’n Toring wat op ’n Hindoe-tempel staan

3.1.9 ’n Heilige, simboliese lettergreep wat gebruik is om God aan te roep

3.1.10 Afgod van ’n god

(10 × 2) (20)

3.2 Student se keuse (10)

3.3 Student se keuse (10)
[40]

TOTAAL AFDELING A: 80

AFDELING B

Sien slegs DRIE vrae in hierdie afdeling na.

VRAAG 4

4.1 4.1.1 Veer, simbool van Ma'at

4.1.2 Die proses om dooies te balsem

4.1.3 Skryfstelsel van antieke Egipte

4.1.4 Naambord van die farao

4.1.5 God van die onderwêreld

(5 × 1) (5)

4.2
- Water vir besproeiing en gewasse
- Hoofbron van water en lewe
- Papirus het op die walle daarvan gegroei
- Jaarlikse vloede het vrugbare grond vir landbou verseker
- Het geglo dat 'n mens ná sterfte die Nyl moet oorsteek om by die volgende wêreld te kom (5)

4.3
- Mastaba – plat bokant, skuins kante, reghoekige basis, grafkelder vir niekoninklike begrafnisse
- Ware piramide – puntbokant (spits), skuins driehoekige kante, vierkantige basis, grafkelder slegs vir die farao's (2 × 2) (4)

4.4 Student se keuse (10)

4.5 4.5.1 Farao Khufu (1)

4.5.2
- Gebou as 'n beskermende monument vir die gemummifiseerde koning en sy besittings
- Dit het ook sy absolute mag gesimboliseer
- 'n Simbool van orde in die chaos van die natuurlike omgewing van die woestyn
- Farao se lykkis
- Besittings wat met die hiernamaals sal help (5)

4.5.3 Vier gelyke driehoeke van die piramide was presies uitgelê om met die vier hoofwindstreke van die kompas ooreen te stem
Gebou op die westelike wal van die Nyl waar die son elke dag 'doodgaan'
Nadat dit gebou is, is ’n blok wat met blink metaal bedek is, bo-op die piramide geplaas
Die kante was oorspronklik met kalkklip bedek om dit ’n gladde oppervlak te gee
Ware piramidevorm – vierkantige basis – vier driehoekige kante wat in ’n punt eindig
Het 5,25 hektaar beslaan
Was 147 m hoog
2,3 miljoen steenblokke wat elk ongeveer 2,5 ton geweeg het
Koning se kamer in die middel van die piramide – gevoer met graniet
Koningin se kamer daar onder
Groot galery – gang wat na die koning se kamer lei
Twee skagte vir godsdienstige doeleindes of ventilasie
Ondergrondse kamer (onder grondvlak) (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 5

5.1 Student se keuse (5)

5.2 Student se keuse (15)

5.3 Student se keuse (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 6

6.1
- Gebou deur die Flaviaanse keisers as ’n geskenk aan die mense
- Hulle het geweet gewone mense het ’n moeilike lewe en moet ’n uitlaatklep vir hul frustrasies hê – dit sou verhoed dat die mense opstandig word
- Sosiale funksies is gehou met die doel om die prestasies van die Romeine te wys
- Swaardvegters teen mekaar
- Swaardvegters teen diere
- Nabootsing van verskeie slagvelde
- Oorlog teen die Christene
- Funksies om mense aan beamptes en politici voor te stel
- Verkiesing van leiers
- Vertonings van strydwaens en perde, ensovoorts (10)

6.2 Student se keuse (10)

6.3 Student se keuse (20)
[40]

EN/OF

VRAAG 7

7.1 Student se keuse
Byvoorbeeld *The Book of Kells*/*Queen Mary’s Psalter*
Manuskripte met siervoorletters en rame
Op perkament of velyn geskryf
Het miniatuurillustrasies ingesluit
Het helder verf gebruik wat uit minerale ontstaan het
Hoogs komplekse, verfynde sketse
Met die hand geskryf
Gewoonlik godsdienstig
Dikwels met bladgoud of silwer versier om lig te weerkaats
Vir kerkdienste gebruik (10)

7.2 Student se keuse (30)
[40]

EN/OF

Kopiereg voorbehou

VRAAG 8

8.1 8.1.1 Tegniek van geleidelike gradering van kleur of lig – versag die oorgang tussen kleure

8.1.2 Kontras tussen lig en donker

8.1.3 Verwys na veranderings van kleure en verminderde detail namate goed in die verte verdwyn

8.1.4 Die verf van waterbasisverf direk op nat pleister

8.1.5 'n Kulturele en intellektuele beweging wat menslike potensiaal beklemtoon

(5 × 2) (10)

8.2 Student se keuse (10)

8.3 Student se keuse (10)

8.4 Student se keuse (10)
[40]

EN/OF

VRAAG 9

9.1 Student se keuse

9.2 Student se keuse

9.3 Student se keuse

9.4 Student se keuse

9.5 Student se keuse

(2 × 20) **[40]**

EN/OF

VRAAG 10

10.1 Neoklassisme

- Die Franse Revolusie breek in Parys uit.
- Kuns is aan politieke geleenthede gekoppel – amptelike styl van die nuwe regering.
- Opgrawing van die bouvalle van Herculaneum in 1738 en Pompeii is in 1748 blootgelê; het ’n akkurate prentjie van lewe in die oudheid gegee.
- Gebaseer op klassieke ideale soos die demokrasie van antieke Athene en Rome.
- Verligtingstydperk – filosofiese beweging.
- Het rasionalisme beklemtoon – beweeg na klassieke idees.
- Johann Winckelmann (historikus) – voorgestel dat aangesien die Ou Volke reeds perfeksie bereik het, die enigste manier vorentoe was om die Grieke na te boots.
- Diderot – het gesê kuns moet ’n doel hê – leer morele/patriotiese waardes.

Romantiek

- Met die Franse Revolusie van 1789 en die einde van die monargie, het die kuns wat dit gesteun het, ook geëindig. ’n Nuwe tipe skildery was nodig om heldemoed van die Nuwe Republiek te vier.
- Ontstaan as ’n reaksie op die ontnugtering met rede en orde in die nadraai van die Franse Revolusie van 1789.
- Teenvestigingsbeweging; gekarakteriseer deur dubbelsinnigheid, kompleksiteit en onsekerheid.
- Mans en vrouens was sterk en bevoeg – beide is as die protagonis voorgestel. (Enige 10 × 1) (10)

10.2 Student se keuse (10)

10.3 Student se keuse (10)

10.4 Student se keuse (10)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou